# Om reg oor God te praat – Job 42 : 1 - 16

Wanneer praat ons die waarheid oor God, ook wanneer ons in ons eie lewe met ernstige probleme worstel?

Job laat ons hieroor nadink. Hy het immers op God vertrou, en kyk wat het nie alles met hom gebeur nie – hy het amper alles verloor. In die inleiding tot die boek kom die verhaal aan die orde. Daarna volg drie rondtes gesprekke tussen Job en sy drie vriende. Daarna kom 'n vierde vriend aan die woord. Hierna kom God aan die woord en antwoord Hy Job. Job het algaande al hoe driftiger gepraat – en al hoe harder dinge teen God gesê. Job het nooit insig gehad oor die dinge waarvan die inleiding praat nie, die gesprekke tussen God en die satan.

God sê Job se vriende het nie die waarheid oor God gepraat nie. Hulle oplossing was eenvoudig: Job het gesondig en God straf hom. Hy moet sy sonde bely, en dan sal alles regkom. Job het dit nie aanvaar nie, en al hoe harder selfs teen God uitgevaar. Die vriende se eenvoudige antwoord was verkeerd. Job het egter daarmee volhard om met God te praat. Hy het met God geworstel – en God sê Job se worsteling was in 'n sekere sin reg. Hy het die verkeerde vrae gevra, maar God het die man agter die vrae geantwoord. Dit was die antwoord wat Job nodig gehad het – en daarmee was hy tevrede. Ons kan steeds met ons vrae en worsteling na God toe gaan – en weet dat Hy die antwoorde gee op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het.